

30 Maart

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 1:7-2:6

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 1:10-12 en Romeine 12:1-2

Heilige Koningskap

Wanneer Salomo deur die Here gelei is om sy koningskap te versterk, kom hy ook deeglik tot die besef dat om sy koningskap in stand te hou, sal vereis dat hy deur die Here daarvoor toegerus moet word. Wanneer die Here aan hom verskyn en vir hom sê: “Vra wat Ek jou moet gee,” dan is dit wysheid en kennis wat hy verlang. Anders as die gebruik onder die heersers van daardie tyd om rykdom, aansien en beheer oor vyande te wil hê, gaan dit vir Salomo om *wysheid en kennis*.

- Wysheid om die regte besluite te neem en die regte middele te kies in die regering van die volk, met die uiteindelijke doel, naamlik om “*hierdie volk reg kan lei.*”
- Kennis, wat beteken om insig – gegrond op ervaring – te hê in dit wat reg is.

Wat Salomo vra, is nie iets wat in ’n boek nagelees, bestudeer en bemeester kan word nie. Salomo vra vir iets wat net die Here kan gee. Wysheid waarin die Here hom moet lei om besluite te neem waarvan die gevolge die beste sal wees vir die volk van God. Kennis waarin die Here aan hom die insig sal gee soos iemand wat al die ervaring het wat nodig is.

Salomo vra dat die Here vir hom moet wys “wat wil U hê moet ek doen”, tesame met die ervaring van hoe dit gedoen moet word. By Salomo is daar, binne die besef van sy baie groot taak om koning te wees en sy swakheid om dit te kan doen, die opregte bede om maar niks anders te doen nie as dit waarvoor hy geroep is en dit dan tot God se eer te doen.

God stel ons in sy koninkryk aan om as konings te heers oor die sonde. ’n Groot verantwoordelikheid wat ons nooit in onself sal kan doen nie. God maak ons bekwaam en gewillig om waardig te wees in ons amp as gelowige, en ons kan onself gee as offers wat vir God afgesonder (heilig) (Rom 12:1) is.

Sing: Psalm 25:2 (1936)

Ds MP Fourie (Aliwal-Noord)